Shoki: Integrity! Was number one. In a workplace and whatever you do. Because we've got ethics, and we've got values we need to support and how you do it is important. You can make money, but the way you make money and how you make money is important. Behavior is important. Now integrity and passion; feels passionate about the work. Now when you got a leader like that. It rubs off on you. It did rubes off on you. And the people were interview; we looked at that also. We'll it is difficult, too looked at passion, but you can feel it. You can feel it and now when people are on the job you can see it.

Pieter: Giel was a person who walks the talk.

Shoki: Yea, and going that extra mile also. That is why Indwe is still standing, with a leader like that it is still standing. I am even proud. You know when I go out to say I am an Indwe employee. Even the former interns when they left the company. They still say Indwe was their foundation. And some of them come back, some of them do return and come back to Indwe taught us a lot. That is why I will retire here. Going nowhere!!

Pieter: You said when your wings come up you can fly.

Shoki: You can fly in different ways and not necessary fly out of the nest. But you know when you are in the nest and your wings flips, people can hear that sound and when a bird is in a nest and it tjirps, you can hear it. Oh, there is a bird somewhere? Where is it? You know this morning I was driving what time is it? Oh, the birds are now awake. You know you hear that sound. Now we can touch a lot of people while you are inside Indwe because we go to seminars. We go to workshops. We talk to people. We at work we filled that Indwe parameters. That is how we can apply.

Pieter: Is there something in Giel's leadership that you don't like or what you think he could do different?

Shoki: You know what, when you are closer to a person that is when you will see, but when you are not closer to a person you see best of that person. You know when you work not that close, because I was working with Giel but not at close parameters as you know I will not be able to answer this question. Because with Giel it was a matter of looking ever for support, looking at a person on how you will do business and how we will encourage people to develop. Taking the internship, getting funding from INSETA. That was funding us and at the same time stating regulations that are there. Let us be the best we can be. And always we look at what is happening in the industry, any changes any regulators, any little requirements, anything - Indwe will always be the first. So I will say I had nothing - even with the people who work close to Giel.

Pieter: Your answers leading to the next question and answering it already. The next question is how will you describe the organisation? But the thing you already said was Giel's type of leadership rubes off on Indwe

Shoki: In the people and you know there are companies where employees don't know their leader. Giel will move, from branch to branch, talking to people. If there are any changes in the company, Giel will make it a point to secure meetings, with employees, to talk to them face to face and not on the electronic mail. That's why it was important for Giel able to call people by the name. You know Giel will remember such things (who they are, family, studies) with individuals. It was fascinating to me, you know, when you are in touch to people, yea. While you are thinking about it, also Giel, to motivate us, he will send us emails, to motivate us, every one, all the people, all the employees. He sent us an email to motivate us.

Pieter: Why would you recommend Indwe as company for new employees?

Shoki: Because we are upholding our values, we live our values.

Pieter: When I spoke to Giel, he said to me regarding a certain religious leader. He is a religious leader, but he won't get a job at Indwe. The reason is that, that the person does not live out his values.

Shoki: Giel always said we believe in our values, we believe in it in fact. Even when we interview, just like with interns, we try to match the person to our values. Because how do you work if you are unable to align your life, values, with the company values. Because we align, personal values to company values.

Pieter: So my values and companies values must be align.

Shoki: Yes, yes because looking at life and you don't live the values. What is your integrity? How are you going to cope on? If you don't believe in the values of the company, how will you live those values? We do training from the learning and development with the interns. But we don't need to do it that is very interesting. With the interview, interview people who have the same values in life as Indwe. Now we just motivate them.

Pieter: Thank you for the interview.

Interview with Jacques Jordaan

[This interview was conducted on 01 September 2014 at 346 Pamodzi House, Melrose Arch.]

Jacques: Okay, waar moet ek begin?

Pieter: Hoe het jou pad geloop?

Jacques: Ek het in 1994 begin, so ek is nou 20 jaar hier. Ek het begin as 'n makelaar in Prestasi, in Pretoria. Ek het so min of meer in 1996 na hoofkantoor toe gegaan. Toe het ek uit die makelaars omgewing uit beweeg en ek het begin in support. Op daardie stadium het ek 'n bietjie marknavorsing gedoen. Van daar af het ek in projekbestuur in gegaan. En as ek reg onthou het Giel so na die tweede helfte van 1998 rond het hy weer aktief begin in die besigheid en ek het van daardie tyd af aan hom begin rapporteer. So ek het so 15 jaar aan hom gerapporteer. Ek het in... iewers along the way, ek kan nie presies die datums onthou nie, maar kom ons sê maar ek dink dit was 2000 Prestasi begin dien as, baie dieselfde as die rol wat ek nou is, in terme van projekte, prosesse. 2006 het Giel vir my die geleentheid gegee om die merger te hanteer. Ek was vir so 3 maande in daai rol tussen die 2 maatskappye en toe het ek na dit toe dit klaar was en hulle het die national operations gegee om te bestuur, dit is nou die broker gedeelte, tot so 2010. Toe so vir 4 jaar. En toe het hy vir my die geleentheid gegee om my self toe te rus in die Six Sigma metodologie. General Electric het dit begin, maar dit word nie erg in Suid Afrika gebruik nie, maar wel in Amerika en Europa, Toe het ek uit die tak omgewing uitbeweeg. Hy het vir my die geleentheid gegee. Ek het seker vir so 6 maande in isolasie gefunksioneer waar ek myself toegerus het, kwalifikasie gekry, span bymekaar gemaak het. En ons het van toe af is ons nog steeds saam. In 2012 het hy toe vir my nadat iets verkeerd gegaan het in die IT omgewing. Hy het vir my die IT omgewing gegee en vandag bestuur ek maar weer die omgewing wat ek in Prestasi bestuur het. So ek kyk na stelsels, prosesse, IT, die operations van die maatskappy. Nie die broking gedeelte nie om seker te maak jy kan werk. Om seker te maak jy is effektief funksioneel. Daai tipe goed. Ja dit is basies dit.

Pieter: So hy het vir jou die geleentheid gegee om...

Jacques: Kyk, ek het geweldige geleenthede gekry onder Giel se hand. Hy het vir my, wel ek dink hy het vir my amper. Kom ek stel dit so, ek dink behalwe vir die heel eerste werk wat ek gekry het by Indwe as makelaar, was ek nie vir enige van die ander poste gekwalifiseer nie. Ek was, ek het geleenthede gekry in posisies wat ek nie voor gekwalifiseer was nie, reg deur. Toe hy toe ek aan hom begin gerapporteer het, het hy dit ook gedoen. Hy het 'n groot passie gehad om mense ontwikkel en te laat ontwikkel. Ek dink later in sy loopbaan, hoe ouer hy begin raak het was dit interessant hoe merkbaar dit was dat hy op die mens komponent begin fokus het en hoe belangrik dit vir hom was om mense te ontwikkel. En ek dink by 'n paar geleenthede het hy ook vir my gesê dat hy terugkyk en dat hy kan sê maar kyk as ek hierdie ouens kan ontwikkel dan is dit vir hom 'n groter sukses storie as hierdie jaar se syfers of daardie jaar se syfers. So ek het baie geleenthede gekry. So hy het vir my baie kanse gegee vir goed vir wat ek nie enigsins gekwalifiseer was nie. Ja so van uit daai hoek uit was dit goed gewees om vir hom te werk. Ja, okay, dit was my loopbaan. Wat nog.

Pieter: Hoe sal jy sy leierskapstyl beskryf?

Jacques: Uhm, ek dink tot 'n groot mate deelnemend outokraties. En ek dink nie dit was soseer sy intensie, maar dalk meer 'n generasie ding. Dat, uhm, omdat hy ook heelwat ouer as ons was en baie van ons amper net 'n rapsie ouer as sy eie kinders is, was dit baie keer half hierdie ding van dit is amper nie onderhandelbaar nie. Ek is die baas, as dit so moet wees moet dit so wees. Uhm, alhoewel dit nie, ek en dink nie en tot 'n groot mate was niemand rêrig bereid gewees om hom rêrig teen te gaan nie. Ek dink later in sy loopbaan het dit 'n bietjie verander, maar veral in die begin was dit, uhm. Daar was eintlik twee gedeeltes gewees, hy het jou gelos om te doen wat moet doen, uhm, maar wanneer hy iets wil gedoen het, wanneer hý iets wil gedoen hé was dit nie rêrig gedebatteerbaar nie. Dit was hoe ons dit gaan doen. Uhm, which, is fine. Ek persoonlik het nie 'n probleem daarmee nie. Ek dink daar is 'n plek daarvoor en ultimately. Ek moet een ding sê hy het nooit geïnterfeer nie. En hy het vir mense ek het gesien, deur die jare het hy vir mense geweldig baie tweede en derde kanse gegee. Uhm, so hy het jou toegelaat om jou dink te doen, hy het jou toegelaat om foute te maak, hy het jou toegelaat om die maatskappy finansiële skade aan te rig, deur foute te maak en uhm, sonder om jou op te hang. Jy moes net nie, uhm, twee keer dieselfde fout gemaak het nie.

Pieter: So jy moes geleer het uit jou foute.

Jacques: Ja, maar hy was baie. Dit is so halwe 'n paradoks, aan die eenkant in 'n sekere omgewing was daar 'n half outokratiese non negotiable, uhm, omgewing gewees rondom sekere goed, uhm, en aan die anderkant was dit weer totaal, uhm, jy weet; doen jou ding. As jy 'n probleem het kom praat met my. Ek dink veral later, die laaste vier of vyf jaar van sy loopbaan het dit baie sterk begin deur kom. Maar deurentyd het hy jou toegelaat om jou ding te doen, om foute te maak, uhm, om te ontwikkel ensovoorts. Ek dink hy het waarskynlik 'n groot frustrasie gehad, ek dink veral in die Prestasi tyd, en miskien tot 'n mate in die begin van die Indwe tyd ook, wat ek nou in hindsight kan waardeer is die; ek begin die selfde goed, dieselfde frustrasies te beleef met jonger bestuurders, is ons het nie baie ondervinding gehad nie, maar omdat hy baie slim en baie sterk visionêr is, uhm, het hy goed heeltemal anders gesien, en byvoorbeeld hierdie, hierdie business improvement omgewing wat hy vir my laat doen het, is iets wat hy al begin praat het in die vroeër 2000's, maar die besigheid was net nooit reg daarvoor nie. So hy het lankal dit gesien, dit het nooit, die kans was net nie daar dat dit tot sy reg te laat kon kom nie. En ek dink hy was baie keer gefrustreerd gewees met ons omdat ons dalk nie die ondervinding gehad het, op daai stadium, uit kyk dalk te eng was, uhm, dalk te konserwatief ensovoorts, uhm, was daar, jy weet, weereens, ek dink later in sy loopbaan al hoe meer strategies. Uhm, dit was algemeen bekend gewees dat detail hom irriteer. Uhm, so jy moenie met baie detail na hom toe kom nie, hy het nie gehou van detail nie, jy kon in werksessies. Daar was nie 'n manier nie. Hy kan nie deur daardie goed sit nie. As jy 'n halfdag of 'n voldag Exco het. hy kan 'n uur miskien twee uur uithou. Dan is hy uit. Hy moet so wees in my opinie. Hy was baie high level, big thinking; daai tipe van...

Pieter: Seeing, the big picture...

Jacques: Ja, detail was glad nie vir hom, wat dit in bietjie moeilik gemaak het, want jy moes jouself, baie goed pitch, ek dink. En miskien baie van die goed wat ek vir jou sê is miskien persepsie. My ervaring was gewees dat, as jy iets met hom wil bespreek, het jy twee minute, jou eerste twee minute maak of breek die res van die gesprek. Want jy kon agter kom hy was geneig om bitter vinnig sy mind op te maak, oor wat jy gaan sê of wat jy wil hê. Binne die eerste twee minute. So as jy nie reg, as jy nie jou opening reg pitch nie, uhm, dan verloor jy hom, of hy verloor belangstelling, of hy luister jou maar uit, hy het jou nooit kort geknip nie. Hy luister jou uit, uhm, hy het al lankal besluit wat jy wil sê, wat jy gaan doen. Uhm, wat 'n ou ook, wat eintlik ook in die positiewe kant vir 'n ou baie ontwikkeling gegee het, want jy moes mooi gaan dink oor wat ek wil sê, en hoekom ek dit wil sê, en

hoekom ek dit wil hê ensovoorts. So dit kan negatief oorkom, maar ek dink ek is tot vandag toe in 'n mate dieselfde. Dit irriteer my as ouens met lang stories kom, want eintlik weet jy wat hy wil sê, die meeste van die tyd, maar oor ondervinding en sulke tipe goed en ek dink hy was maar seker op dieselfde plek, maar dit leer jou. Dit het 'n ou geleer om mooi te dink wat jy sê. Die ander ding wat hy, wat ek ook geleer het, jy moes nie, uh, en ek dink daar is 'n Afrikaanse woord nie, maar miskien kan jy 'n kopiereg vat op hom: absoluteer [*verabsoluteer*]. Met ander woorde moenie 'n absolute stelling maak nie. Hy het homself bitter vinnig gewip as jy 'n absolute stelling maak, uhm, wat sê: "dit is so". Want daar is altyd ander kante wat jy nie in ag neem nie. So ons het so langs die pad het, so as ek sê ons, baie van my kollegas sal dieselfde stories met jou deel, wat lank saam met hom gewerk is. Uhm, kom ek sê ek het baie vinnig langs die pad geleer om nie absolute stellings te maak nie. Jy weet, ek sal vir hom gaan sê: "Giel, ek het tot die inligting wat tot my beskikking is, daar is waarskynlik goed wat ek nie in ag kan neem nie, of nie van weet nie, maar ek sien die ding so, as jy met daai approach na hom toe gegaan het, was hy heeltemal oop gewees. As jy na hom toe gegaan het met.

Pieter: Met wit of swart.

Jacques: Dan kan jy sien, dit sak net so toe. Hy het dit glad nie geduld dat jy verabsoluteer nie. Jy moes, jy moes om met consideration, vir daar is 'n groter prentjie. Daar is meer inligting as wat ek nie kan hê nie. Ek dink in 'n mate praat dit seker maar terug tot dieselfde beginsel van die Bybel wat sê dat jy weet dat jy ken net ten dele of die helfte van 'n saak. Uhm.

Pieter: Of jy ken nie die agtergrond hoekom 'n ding so gedoen is nie.

Jacques: Presies en ek dink hy het, uh. Hy het altyd ontsettende waarde toegevoeg. Dit maak nie saak hoe volledig ek gedink ek is in 'n saak is ingelig of hoe goed ek 'n situasie deurdink het nie. Wanneer, ek dit met hom bespreek het, het hy altyd nog 'n angle bygesit, of nog 'n vraag gevra, of nog iets wat ek nie aan gedink het nie. Wat 'n ou verwag van iemand wat jou bestuur. Jy weet die persoon moet sekerlik tog 'n paar goed bydra wat jy nie noodwendig. Ek dink in die algemeen was dit soos ek sê, sekere goed, daar was net heilige koeie gewees. Jy het geweet, sekere goed, sekere onderwerpe raak jy net nie aan nie. Uhm, moenie in detail in gaan nie. En ek dink op die ou einde, dalk was dit maar vir hom ook moeilik gewees en miskien wou hy dit ook nie so gehad het nie maar, maar ons almal het 'n baie formele, ongemaklike verhouding met hom gehad. As jy gaan kyk die MD, wat ons nou in plek het, kan 'n ou baie 'n informele gesprek hê en jy kan debatteer, argumenteer, gemaklik, al is dit nie die sielkundige, gemaklik debatteer, argumenteer punte op die tafel sit, frustrasie, sonder om te dink. Jy kan amper praat sonder om te dink. Uhm, ek dink, by Giel was dit dalk nie, en dink dit is waar die generasie ding dalk vir my terug kom en sê maar omdat hy eintlik streng gesproke, 'n ouer generasie was as die meeste van die bestuurspan wat hy oor die jare gehad het. Uhm, jy kon ook sien, die mense wat meer in sy ouderdoms kategorie is, kon ook makliker related op 'n sosiale vlak, op informele vlak. Nou, of dit weereens 'n persepsie, gebaseerde ding was vir jouself vertel dit is so en of dit werklik so is. Dit is nou oop vir debattering, maar ja.

Pieter: Maar nou ek wil net graag op die stelling van outokratiese deelnemende bestuur. Wil ek graag die vraag vra: Dink jy nie vir 'n visionêr en strateeg, moet 'n persoon dalk deels ook outokraties wees?

Jacques: Kyk, uhm, ja kyk, ek dink in 'n CEO posisie is daar, dit is belangrik dat jy 'n bestuurspan hê wat jy kan vertrou en wat jy en as ek sê vertrou in terme van nie net integriteit nie, maar in vertrou in terme van hierdie ouens competent hierdie ouens weet wat hul doen en hulle wil die maatskappy se belange, hulle wil. Uhm, ja, dit is belangrik. Ek kan nie, my bestuurspan, want ek kan nie hulle heeltyd sit en second guess en wonder of hulle doen wat hulle moet doen is hulle nou besig. Ek het nie nou tyd, om hulle aktief te bestuur nie. Hulle moet doen wat

hulle moet doen, en as hulle hulp nodig het moet hulle met my praat. En ek moet doen wat ek moet doen. Dit was baie sterk Giel se omgewing ook. Maar daar is sekere tye wat jy, as die bestuurder die call maak en sê right dit is hoe ons nou dit gaan doen. Uhm, dan kan die ouens, dalk voel, nee. Dit is maar net ongelukkig so. En ek dink in terme van in van CEO, is daar sekere besluite wat hy moet maak, wat hy dalk prentjies sien of ekstra inligting het, wat almal nie noodwendig het nie, wat dit dan outokraties oorkom, uhm, terwyl dit dalk nie die bedoeling is nie, maar eintlik, maar net die rol is wat hy moet speel. Om besluite te neem. Dit is hoekom ek sê dit is half 'n paradoks, want aan die een kant het jy geweet daar is sekere goed, wat goed wat; as Giel iets gesê het, dan het hy dit gesê. Jy het dit geweet wanneer is goed nog oop vir debattering en wanneer nie. Dit is die een ekstreme. Daar was nie baie van hulle nie. Uhm, hy het altyd 'n oop deur gehad, altyd beskikbaar gewees, ek het enorm onder hom geleer. Hy het vir my geweldige geleenthede gegee. Die ander ekstreme was gewees. Jy kan ek het maklik vir partykeer vier vyf weke nie met hom gepraat nie. Uhm, want ek is net besig om my eie ding te doen, en hy het vertrou in my om my eie ding kan doen en ek het nie nodig om met hom te praat nie, want ek weet wat my mandaat is. So dit was die ander ekstreme gewees. Hy het jou nooit, nooit in detail geïnterfeer nie, in die omgewing of daai tipe ding nie. Hy was verstommend goed ingelig. Ek het dit was vir my altyd. Dit was vir my altyd verbasend gewees dat iemand so “disconnected” kan wees, van die operasionele, maar tog so goed ingelig. Dat jy in vergaderings sit, dan dink jy hoe de flip, weet hy dit en dit en dit, want hy is nie eintlik veronderstel om dit te weet nie, want dit is baie operasioneel. Maar ek dink hy het die vermoë gehad om informele gesprekke om inligting op te tel en die goed bymekaar te bring

Pieter: Maar soms is dit vir 'n persoon veronderstel om stubborn te wees. As jy verstaan wat ek bedoel. Dit is die big picture. Hierdie ding kan dalk reg wees, maar hy pas nie heeltemal binne die big picture nie. Daarom is dit vir eers 'n nee. Daai tipe van styl.

Jacques: Ja, ek dink hy was, soos ek sê hy was, uhm, weereens miskien is hy in 'n mate 'n introvert. Ek weet nie. Jy het nie die idee gekry dat hy noodwendig 'n partytjie bytjie is, wat met almal wil social wees nie. Met ander woorde jy het meer die idee gekry dat hy is meer 'n stelsel, syfer, daai tipe ou wat meer gemaklik is in daai omgewing wat heeldyd te wil interact met almal. Jy kon maklik daardie afleiding maak. Met ander woorde sy fokus is meer op dinge as op mense. Jy kon maklik daardie afleiding gemaak het, maar as jy gaan kyk het hoe hy reageer het rondom die mens. Dan het dit rêrig gekom by die mens, dan het jy eintlik agtergekom, maar eintlik was hy 'n groot mense mens gewees. Alhoewel dit nie noodwendig uit gekom het in sy gedrag nie, maar wanneer daar besluite geneem moes gewees het, wat mense se lewens beïnvloed het, het jy agtergekom hy het 'n baie sterk gevoel en 'n hart vir mense. Soos ek sê dit het nie altyd so uitgekome in sy bestuurstyl nie, maar ja. Sê net gou weer wat was die vraag? Het ek nou dit geantwoord?

Pieter: Wat was die waardes?

Jacques: O die waardes, ja.

Pieter: En hy het sy waardes geleef?

Jacques: Ja, nee nie, nie nee vir seker ek dink, uhm, ek dink hy was 'n mense, ek mense was trots daarop gewees om hom die CEO te noem. Jy weet, hy het 'n goeie beeld gehad, was 'n goeie spreker gewees. Hy was nie 'n los gat nie, hy was ek weet nie wat is die Afrikaanse woord nie...

Pieter: Kom ons sê konsensieus

Jacques: Ja, hy het substance gehad. Jy weet, hy het substance gehad. Hy het clout gehad in die industrie. Hy was gereken wanneer hy iets gesê het. Jy weet, in in die wyer industrie ook. Jy weet so, uhm, en dit kom maar saam met integriteit en daai tipe van goed ook. Jy weet, uhm, ja.

Pieter: Goed, jy het gepraat van hierdie twee cultures, wat in 2006 gemerged word en watter rol dink jy het Giel gespeel om daai culture wat tans by Indwe is? Kom ons sê wat is die culture tans by Indwe, en watter rol het Giel daarin gespeel?

Jacques: Ek dink die een ding wat hy reg gekry het, was om ons te vat van twee, uhm, small mid-size company thinking, B league spelers. Om ons te kry om vandag op 'n plek te wees waar ons uiters kompetend baie en baie professioneel en weereens geag word in die besigheid om 'n groot makelaar om mee te reken. Uhm, en baie, baie eng denk wyses moes verander word. Baie approaches moes verander geword het, om te sê, wel, jy weet, jy speel nou in die first league. Die reëls is 'n bietjie anderste. Die telbord tick anderste oor, jy weet, jy moet jou game lig. Jy weet, daai tipe goed. Jy kan nie meer doen soos wat jy gedoen het nie. Net so aan die eenkant is dit, uhm, omdat jy die economies of scale ook bereik het, kon jy goed anders doen en groter dink en jy moes ook jou skill uplift en professioneel oorkom en die tipe van goed. So ek dink dit is iets wat Giel ook baie goed reggekry het was om homself te kon posisioneer as 'n gerekende, groot professionele makelaar. Uhm, wat nie noodwendig die geval was van enige van die twee los staande entiteite in 2006 nie. Jy weet Prestasi was, so julle speel daar by die staatsdiens en aan hierdie kant, uh, Thebe, ja julle is 'n lay commercial makelaar wat net heeldag party en drink van die view wat die industrie gehad het en die twee kom bymekaar en seker nie vier jaar later nie, was ons klaar geag in die industrie. Ek meen, hulle is baie gemaklik dat dit 'n baie competent bestuurspan is. So ja. In dit alles het dit op die ou einde waarskynlik 'n nuwe kultuur uit gekom. Dit is definitief nie die een of die ander nie. Daar het ook baie nuwe mense ingekom. Ek meen as jy gaan kyk na die executive nou, is dit ek en Joe en Yolande wat uit die ou omgewing uit kom. Die ander is nuwe denke, met nuwe idees, met nuwe skills.

Pieter: Hoe sal jy die kultuur van Indwe beskryf, toe Giel in Februarie klaar gemaak het?

Jacques: Uhm,

Pieter: Kom, ek sê is dit kongruent met julle waardes?

Jacques: Ja, ek sal so sê, dit is 'n hardwerkende maatskappy met "committed" mense wat, uhm, comply, uh, oor groter meerderheid mense val in daardie kategorie. Ja, ons is 'n professionele makelaar wat geag word in die mark. Ek dink dit is wat hy agter gelaat het. Van twee midsize companies, wat maar net nog 'n speler was.

Pieter: Hoekom sal jy vir Indwe aanbeveel, by nuwe werkers?

Jacques: Uhm, weet jy ek dink as jy, dit is 'n interessante, alhoewel die kultuur baie verander oor die jare, is dit 'n maatskappy met 'n baie spesifieke kultuur en jy pas hier in of jy pas nie hier in nie. Mense werk hier vir baie lank of hulle waai binne die eerste ses maande, jaar. Uhm, dit is 'n omgewing, waarin jy baie hard werk, die mens komponent is baie sterk. Uhm, mense werk baie naby mekaar, mense werk indieselfde omgewing. Uhm, daar is kyk na die streke na die takke, dan word jy toegelaat om jou eie ding te doen. Dit is soos rugby, jy speel binne die lyne, jy mag nie forward pass nie. Die game plan is joune. Solank as jy agtertoe pass, kan jy maar skip pass. Jy kan 'n skop game speel. Dit maak nie saak nie. Bly net binne die lyne wat ons vir jou gegee het. Okay, wat die maatskappy het om te sê: "Gaan doen jou ding maar, wees seker dit is wat ons sal tolerate." Daar's hy. Buite dit, word nie toegelaat nie. Binne dit, eie game plan. So, jy kom ook agter as jy deur die maatskappy gaan, na die verskillende streke, kantore en so aan. Wat die streek bestuurder toelaat, word half die norm en standaard. Wat die kantoor toelaat is die kultuur van die kantoor. Uhm, en, en nou begin ook jy agterkom met Peter wat die nuwe ou is

dat hy boundaries stel, in terme van, wat vir hom aanvaarbaar is, talle hoë standaarde, norme, etiek ensovoorts, is by hom ook teenwoordig. Wat ek bedoel is, in terme van, kom ek sê, werkswyse om interaktief met mekaar te wees en dies meer. Dit lyk of hy meer liberaal is as wat Giel dalk sou gewees het, uhm, en time will tell of dit werklik so is. Maar as jy, ja, ek dink, jy is definitief meer as net 'n nommer in die maatskappy. Dit was al die jare so. Jy het eintlik seker, maar die room van elk. Jy sien en jy hoef nou te luister. Jy weet so...

Pieter: Jare terug het die CEO van 'n sekere bank die uitlating gemaak: "Ek is die bank."

Jacques: Ja, ja

Pieter: Dit is totaal wat dit nie is nie. Jy sê jy ervaar die room daarvan. Die ou tree goed op en jy deel daarin.

Jacques: Dit is so. Dit hang af van jou bestuurder, hoe lekker jou werksomgewing is of nie. Dit is so, maar ek dink tot 'n groot mate stel 'n ou maar like for like aan. Jy stel mense aan wat jy dink sal inpas.

Pieter: Maar Giel het ook vir my gesê, Hy het van 'n geestelike leier gepraat en alhoewel hy 'n geestelike leier was het Giel vir my gesê, hy sou nie werk by Indwe gekry het nie. Dat 'n mens die analogie van rugby weer kan vat, en dankie vir die onderhoud, ek is klaar. In rugby speel jy die game plan, maar die kaptein speel die skeidsregter.

Jacques: Ek dink miskien net, jy laat my nou aan iets anders dink. Die een ding wat Giel ook en die mense het dit nie altyd besef nie, maar ek het dit jaar na jaar na jaar gesien. Hy het ongelooflike fights opgesit met die direksie om vir die mense, personeel, die beste moontlike bonusse te kon gee. Wanneer die winste nie daar was, wanneer die direksie nie hulle wins verwagtinge gekry het wat hulle wou gehad het nie ensovoorts. Het hy, uh, weet ek het hy gefight tot op die laaste moontlike, mees dramatiese manier om seker te maak, omdat hy besef het dié mens maak die maatskappy. Die ander ding wat ek ook wil sê is wat hy, wat ek 'n paar keer gesien het wat hy gedoen het, is. Hy het nooit iemand, want kyk as die executive bedank, 'n executive word mos nooit gefire nie, hy gaan soek ander beter geleenthede. En along the way kry dit maar ongelukkig dat die direksie of die CEO nie rêrig boet nie. En, ek het te minste drie, selfs vier geleenthede wat hy in die oë van die personeel sleg gelyk het en dit vir hom okay was, maar het hy die ou wat eintlik gefire is, gevra is om te loop, laat goed lyk het, terwyl hy in die proses eintlik sleg gelyk het en dit was vir hom okay, om dit so te doen. Uhm, hy het altyd die goeie wanneer iemand weggaan, 'n goeie storie vertel oor die persoon en 'n goeie, uh. Jy weet hy het selfs. Hy het vir 'n paar ouens wat per ongeluk, kom ons sê maar per ongeluk gegaan het, of dit per ongeluk is oor non-performance, maak nie saak nie. Het hy selfs gaan werk kry in die industrie. Omdat hy 'n goeie stasie industrie gehad het aan die eenkant en aan die ander kant baie sterk op die mens was, alhoewel hy nie dit rêrig ooit gewys het nie. Wanneer dit by sulke goed gekom het, het hy uit sy pad uit gegaan vir die mens. So dit was interessant gewees dat jy aan die eenkant het jy hierdie belewenis rondom, wat eintlik vir jou sê hy is eintlik nie 'n mense mens nie, maar dan aan die ander kant sien jy eintlik gaan dit vir hom absoluut oor die mens. Hy wys dit nie so as wat... Ja all and all was hy...

Pieter: Jacques, baie dankie.

Interview with Christelle Swart

[This interview was conducted on 15 September 2014 at Old Oak Office Park, Tygervalley. This was the second interview with Christelle. The first interview on 21st August 2014 was not recorded.]

Pieter: Goed die eerste vraag Christelle, vertel eers vir my jou plek in Indwe.

Christelle: Ja, ek dink, ek het jou destyds gesê, my rol nou en my rol het ook intussen ook verander. Ons is intussen besig met struktuur veranderinge in die maatskappy. Uhm, vorentoe gaan ek in 'n nasionale rol verantwoordelik wees. En dit is maar weereens, ek dink ek het dit vir jou gesê, hoe dit vir my totaal en al verstom. Hoe my pad voorheen by Prestasie en dan nou by Indwe geloop het en ek dink ek het vir jou gesê ek was geheadhunt destyds. Uh, geheadhunt sonder dat ek 'n druppel kundigheid gehad het nie. Maar as ek sê 'n druppel, dan bedoel ek 'n druppel, ek het niks gehad nie. Uhm, en dan ook in my lewe, as ek dink, hoe die Here se plan vir my lewe was. Die feit dat ek die werk by Prestasi destyds aanvaar het, wys ook vir my dat my eie persoonlikheid in totaliteit override was. Ek kan redelik analities wees en dan die 'n kat uit die boom uitkyk en al daai goed geabandon en ja gesê vir 'n pos wat ek nie 'n millimeter voor kennis gehad het nie. Ja dit maak nog steeds nie sin nie. Maar toe het ek by Prestasi begin as 'n account executive. Ons het in daardie tyd genoem 'n eksterne makelaar en toe was ek sales manager in die Kaapstad kantoor en toe is ek uhm, branch manager, in in Somerset Wes gewees. En toe het ek streekbestuurder pos aanvaar by Prestasi en toe ons gemerged het Indwe mos heelwat groter geword, as wat Prestasi was. Dit was twee groot nasionale makelaars, wat saamgesmelt het, en uhm, toe moes ons almal aansoek doen vir poste, en uhm. Toe het ek die pos as, as streekbestuurder gekry. En na dit het die streek toe ook groter geword. My streek op die oomblik is die Vrystaat kantore, Noord Kaap, Suid Kaap en die Wes Kaap. So dit is half die rol wat ek speel. In 'n baie wit en swart omgewing, waar ons totaal en afhanklik is van mense. Want Indwe se model is: ander as byvoorbeeld 'n Outsurance waar almal weet dat jy 'n nommer is en waar 'n call centre in Johannesburg sit. Uhm, ons sê ons gaan duur kantore en infrastrukture met goeie mense hê. Wat verhoudings met ons personeel met ons kliënte kan bou. So ons is sterk verhouding gedrewe en ons sê ook dat ons vir 'n kliënt kan waarde toevoeg. Dat jy nie net wanneer jy met ons praat 'n script op die telefoon aframmel nie, maar dat jy fisies kan die kliënt se situasie analiseer en 'n risiko bestuurplan kan uitwerk en aanbeveel met die versekeraars wat jy in daardie proses gaan gebruik, maar totaal mens gedrewe. Uhm, ek dink ek het ook die vorige keer vir jou gesê. Ekskuus, hierdie is net vir jou eie gebruik.

Pieter: Ja nee, ek gaan hierdie hele opname transkribeer, so...

Christelle: Ja, ek wil nou nie goed hier praat wat vir jou nie van waarde het nie.

Pieter: Nee, nee als het waarde, as ek dit so stel.

Christelle: Ek wil nou nie jou band tyd mors en as jy my terugbring, as jy dink ek dwaal af. Uhm, ek dink toe ek account executive was, was dit vir my, uhm, die maklikste en lekkerste werk in Indwe [*Prestasi*], want van afhangend van wat jy ingesit het, het jy uitgekry. So, as jy laat werk en vroeg werk, as jy naweke werk en whatever, dan wys jou fisiese resultate dit. Want jy is net vir jouself verantwoordelik. En, ek dink, uhm, so verder jy gaan, hoe meer het jy nie beheer oor dit nie, want jou sukses word deur ander gemaak. Of jou, of jou failures

word deur ander ouens gemaak. En ek dink Giel se omstandighede ook, ek het baie gedink, hoe, hoe moeilik dit vir my is om mense om op ouens te vertrou, wat ek nie kan sien nie, wat ver van my af sit. En wat ek nie weet doen hulle, wat van hulle verwag word en tree hulle op en hou hulle by die riglyne. En in sy omstandighede was hy nog baie meer so afhanklik van mense. En dat jy die inkoop van mense het of moet kry, om jou suksesvol te maak. Om dit wat die strategie is, is en dit wat dan uitgerol moet word, tot op die laagste vlak uitgerol te kry. Uhm, so dit is maar hoe my pad by Prestasi, Indwe...

Pieter: Kyk, almal moet engaged wees.

Christelle: Ja

Pieter: En, ek wil amper sê, jou, jou topstruktuur, moet absoluut onderlinge vertrou, absoluut, onder mekaar, ook hê.

Christelle: Ja, ek wonder baie daaroor, uhm. Ek kry so baie die indruk, selfs nou weer sit ek in die middel van 'n verskriklike uitdagende ding. Wonder hoeveel regtige vertrou, ouens in korporatiewe omgewing is en of elke ou, maar 'n geveg vir sy eie veiligheid het. En, of jy, uhm, hoe parkeer jy jou waardes vir ander goed. En is jou eie belang, maar die ding wat dit dryf, of hou jy jou integriteit al maak dit jou ongewild of maak dit jou potensieel jou wins minder, of wat ook al, uhm. Ja, die, die vertrou ding en dan dink ek in die lewe raak ons ook redelik gebombardeer oor vertrou, want hoe gereeld kry dit, dit dat iemand iets van iemand vertel, dat jy die monster wat uitkom wat sy kinders molesteer, of sy vrou of wat ook al slaan. Gisteraand weer daardie skoolhoof wat betrokke is by goud smokkel, by die skool, word die transaksies gedoen. Uhm, so kan, hoeveel kan ons mekaar vertrou? Vir wie kan ons rêrig vertrou? Hoeveel mense sê. Dit is my pa, hy sal nooit so iets doen nie, dan.

Pieter: Uhm

Christelle: So, ja op die oomblik stry ek weer met myself op die vertrou ding.

Pieter: Maar, maar, dit is nou of die record, dit is eintlik die grond beginsel ook. Ek vat in my eie lewe, ek het sonder 'n pa groot geword en ek het vir my baie pa's gestel daar. Telkens het ek gesien hierdie ouens het voete van klei, totdat ek amper kan sien, maar Christus is amper die enigste een, wat nie teleurstel nie.

Christelle: Dit is vir seker so.

Pieter: Maar aan die anderkant ek het in my werk situasie ook. Ek het baie goed met my vrou gedeel. Sy kon egter nie objektief bly, by goed soos byvoorbeeld molestering nie. Dit sou ek dan nie met haar gedeel het nie, want sy kon nie in sulke situasies objektief teenoor die persone gebly het nie. Ek en die VGK predikant op Brandvlei het 'n baie goeie verhouding gehad. Ons het weekliks saam gebid en saam huisbesoek op die plaas wyke gedoen. Ek het redelik in die begin, een baie vertroulike saak met hom gedeel om hom te toets oor hoe kan ek hom vertrou. Maresa, was baie skepties daaroor, maar ek moes om te sien in hoe 'n mate ek hom kon vertrou. Hy het my nie teleurgestel nie. Jy moet jou soms blootstel.

Christelle: Weet jy, dit maak my nogal bang. Uhm, tot dusver glo ekke, het ek nog nie iemand se vertrou geskend nie, Uhm, maar dalk was ek net in 'n gunstige posisie, want ek het al baie keer, ek het al... een spesifieke ding wat Giel een dag vir my gesê het. Dit het my ongelooflik ontstel. Uhm, ek was in die middel van 'n redelike riller in, in die maatskappy. 'n Vrou, een van die bestuurders, in my kantoor, het 'n verhouding met 'n personeelid gehad het, en toe begin hy 'n ander besigheid. En sy gee vir hom kliënte deur en ag, dit was regtig 'n riller. En uhm, om hulleself te beskerm impliseer hulle my toe nou en het hulle toe 'n geveg begin, en hulle het ander personeel gekry om hulle saak te sterk. Ek het van die hele ding op daardie stadium nie geweet nie, maar hulle het baie van die inligting vir Giel deur gegee en eintlik moes Giel my gefire het, en eintlik moes hy my gefire het, want

alles wat hulle vir hom gegee het en gewys het. Al was dit gemanipuleer of gekook. Uhm, dit wat hy moes gesien het, moes hom vir seker gesê het, want ek weet vir seker Giel, hy sal nie sulke goed tolerate nie. En vir of ander absurde rede het hy niks geglo en het hy vir my kom sê en het hy met my gepraat. En toe ek vir hom sê: “Ek kan dit nie glo nie. Ek kan nie glo dat sy dit doen nie. Dit is nie wat ek dink van haar nie. Ek kan nie glo dat sy hierdie bedrog gepleeg het nie.” Ek onthou nog presies waar ek gestaan het, waar hy dit vir my gesê het. dit was so seker ag of 10 jaar terug. Uhm, was in Spar gewees, voor die groente raak, want ek was hier ag uur die aand. Hy het vir my gesê: “Christelle, mense sal jou altyd teleurstel.” En jy moenie dat dit jou so onderkry nie, die feit dat hierdie ding uit gekom het. en dat jy so verstom en seergemaak is dat hierdie verskriklike bese strategie wat hulle gevolg het nie. En, en dit het vir my gevoel, alhoewel ek moes gevoel het, dit was oorweldigend gewees dat hoe het hy in my bly glo. Die feite was verskriklik, ek bedoel. Uhm, hulle mense gehad wat gewerk het. Die een girl wat byvoorbeeld baie hoog aangeskrywe persoon in hierdie kantoor is. Sy is nou toevallig die bestuurder en die maatskappy ag haar ook geweldig hoog. Wat hulle byvoorbeeld gedoen het. Hulle het payslips van mense gevat en vir haar gewys. En gesê: “Kyk, net hierso. Christelle, maak of jy so kosbaar is, maar kyk wat betaal sy hierdie mense. Baie meer as vir jou.” Die een spesifieke payslip was van ’n girl wat by ons gewerk het vir ’n halwe maand en toe vir ’n volle maand. Toe het sy vir een en ’n halwe maand se salaris gekry. Toe wys dit op haar payslip. Sy kry nou R20, maar eintlik kry sy 15. Toe wys hulle net vir haar payslip en sy moes eintlik gesê, het, maar ek gaan bedank. Maar sy het nie, Sy het na my toe gekom en gesê: “Ek is seergemaak oor goed.” Toe kry ek die geleentheid om vir haar te verduidelik. Dit is nie waarheid nie. Kyk, hier is die salaris en hier is die halwe maand se aanvraag, maar dit is op een payslip gesit net omdat dit... en sulke tipe goed. En, uhm, toe hy dit vir my sê, het dit vir my gevoel. Beteken dit dat ek ook nog eendag, mense gaan teleurstel, want mense sal jou teleurstel. Is, is dit nie net sekere mense, wat jou sal teleurstel nie? Of is dit alle mense, of wanneer gaan dit op my pad iets kom, wat so groot is. Hulle het eintlik nie ’n keuse gehad wat om daai te doen... Hulle het ’n keuse gehad, maar ek bedoel, hulle was half gedwing om dit te doen, want anders sou hulle bedrog uitgekom het. Hulle moes op ’n manier na iemand anders verplaas het.

Pieter: Geprojekteer het

Christelle: Ja, so, so ek wonder nog steeds. Gaan daar ’n dag in my lewe kom, wat ek iets verskrikliks gaan doen. Gaan daar ’n dag kom wat ek ’n Oscar ding kan doen. Gaan daar in my lewe kom, wat ek by in ’n winkel gaan steel. Uhm, is ek bevoorreg dat omdat ek, uhm, finansieel okay, is en ek het ’n werk, en ek het gesondheid, en ek het dit. Dat ek al regte besluite tot nou toe kan maak het, want dit is ’n veilige omgewing. Uhm, as ek dink, ek werk geweldige lang ure. Ek werk baie hard. Is dit omdat ek gesond is? Dat dit moontlik is om dit te doen? As ek môre kanker het? Of, my kind, of my man, of wat ook al? Gaan ek dan ook soos mense wees wat lyf weg steek, want ek doen dit nie in so in ’n gemaklike veilige omgewing nie. So dit spook soms by my.

Pieter: Ek wil twee goed daarvoor sê. Toe my dogter in ek dink graad 1 of 2 was, vra sy of ons ook gaan skei? Ek vra vir haar hoekom vra sy? Omdat omtrent al haar maatjies se ouers skei was. Toe sê ek kan nie vir jou sê ons gaan nie skei nie, maar...

Christelle: Ons beplan dit nie nou nie.

Pieter: Maar ons weet nie wat die toekoms vir ons inhou nie, maar dit is nie die intensie nie. Die ander ding wat ook belangrik is, dat wanneer ’n mens se core reg is. Wanneer die ding uit die hart uit kom. Wanneer dit op values gegrondves is, dan gaan ’n mens makliker in krisisse stande kan bly. Verder almal het ’n almal het ’n prys, maar jy moet net bepaal dat jou is hoog genoeg. Dit is nie die moeite werd om dit te doen as jy kyk wat die

gevolge daarvan gaan wees nie. Aan die anderkant 'n mens bou tog 'n track record ook op dat persone begin jou inbors ken.

Christelle: Weet jy ja, op daai punt; ek bid gereeld die gebed van Jabes. En, en uhm, dan vra jy mos daar vir die Here vir sy beskerming. En partykeer as jy terugkyk is jy verstom, hoe die Here jou beskerm het, sonder dat jy geweet het dat hy het jou beskerm. Soos hierdie ding van daai mense toe dit nou uitgekom het. Uhm, die Here het my so beskerm. Die hele geveg was aan die gang. Ek wil amper sê die bouse geveg was aan die gang en ek het happily aan gegaan was nie eers bewus daarvan nie. En ek het anderkant uitgekom, sonder 'n skrapie. Uhm, maar ek het nie eers geweet toe ek beskerm was nie.

Pieter: Maar ook, jy het beter anderkant uitgekom.

Christelle: Ja

Pieter: Ek wil dit in die sin sê dat 'n mens wat na aan jou is, jou kan ondergrawe...

Christelle: Dit is vir my baie sleg. Dit is vir my baie sleg. Ek het so baie personeel, of vriendinne ook, wat vir my geheime vertel en dan... Dit is nogal vir my belangrik om te sê my woord is my eer. En dan as ek nou 'n ding verskriklik konfidensieel hou en hier onder die doeke vertroetel en vir niemand... en ek hoor, ek stap nou en hier praat Annie en Sannie ook hiervan. Nee, my genade. Uhm, ek wil nie hê julle moet daarvan praat of weet nie, want netnou kom dit by die persoon uit. En die persoon dink dit is ekke...

Pieter: 'n Mens is bang dat jy word as die culprit gesien.

Christelle: Ja, nee. En omdat dit vir my so belangrik is, as dit nou nie so vreeslik belangrik is nie, maar dit is vir my regtig belangrik dat, dat as ek dit weet sal, dan bly dit by my.

Pieter: Dit is geslote. As 'n mens nou weer terugkom by vertroue en die goed ook. Dit is die grondbeginsel amper waarmee gewerk moet word, onderling. Dat 'n mens mekaar moet kan vertrou, want die oomblik wanneer daar nie vertroue is nie, dan begin daar wantroue en dan ondergraving en die goed...

Christelle: Aan die anderkant en dit is nou waar ek op die oomblik sit, sedert ons gepraat het, soos ek sê daar is nou 'n paar dinge verander en uitdagings. Wat ek eintlik vir my self sê... Miskien moet jy nie vertrou nie, maar miskien moet jy net reg doen. Sodat as iemand jou dan wil benadeel, dan is daar nie iets wat 'n persoon teen jou kan gebruik nie. So, dalk moet jy nie op 'n mens vertrou nie... maar alhoewel alle mense is, kan faal en maak foute, maar dat jy dan nie glo dit is in hierdie geselskap veilig. Dit is soos ek nou die dag ook vir iemand gesê het, die k-woord en die h-woord, eintlik moet dit uit 'n mens se woordeskat uitgesny word nou in hierdie nuwe Suid Afrika. Dat niemand daai woord in sy woordeskat het nie. Dat jy dit selfs nie eers in 'n veilige, waar jy dink jy veilig is. Kan, as jy kyk met hoeveel mense het dit al verkeerd geloop het. Eintlik moet jy net nie, want as jy die woord in jou woordeskat het, dan kan jy op 'n plek dink, dit is 'n veilige plek om te gebruik. Dit is nooit veilig, om hom te gebruik nie. En jy moet ook nie vertrou dit is veilig nie en seker nou maar ander goeters in die lewe ook.

Pieter: Kom ek wil sê, dit is in 'n sekere sin waar die huwelik daardie rol moet speel, waar jy absoluut veilig kan wees om jou uit te druk, om te kan gee, wat jy wil sê, maar nou wil ek aan die anderkant dit terug sê, Christelle. dat het ook 'n gesegde vir 'n persoon wat jy die liefste het, kan jy ook die meeste haat. Liefde en haat is die twee kante van 'n muntstuk. Liefde en haat is baie na aan mekaar. Omdat jy die persoon so goed ken, weet jy ook waar sy goed en swakpunte is. Net om terug te kom op vertroue. Giel het vir my gesê, sy eintlike mentor, waar hy aanvanklik begin werk het, was 'n persoon daar, ek dink in Betlehem gewees. Die oom het gewoonlik kontrakte gesluit net op die woord en geen geteken nie. En dit is wat vertroue eintlik is. So dit het jy ook net nou maar in die begin gesê dat jou ja, ja is. Die já, word deur die daad bevestig.

